PREEK
Sondag 19 Augustus 2007
Ds Freddie Schoeman

Psalm 23 bied God se oplossing vir sewe lewensprobleme waarmee die meeste van ons worstel. Ons het tot dusvêr reeds gekyk na bekommernis (Die Here is ons herder – Hy sorg), en na druk / stress / spanning (as herder lei die Here ons na waters waar daar vrede is).

Verlede Sondag het ons gekyk na drie dinge wat skade aan 'n mens se *siel* veroorsaak, verlies (van iets of iemand wat vir jou baie baie belangrik is – 'n lewensmaat wat jy verloor deur egskeiding of die dood, 'n ouer of 'n kind wat sterf wat 'n diep droefheid veroorsaak); skuldgevoelens (wat veroorsaak word deur dit wat jy aan mense gedoen het; skade wat jy berokken het, mense wat jy deur jou woorde en optrede – of gebrek aan optrede - seer gemaak het.); bitterheid (wat veroorsaak word wanneer ander mense jou seermaak of te na kom, met die gevolg dat jy sukkel om te vergewe.)

Vandag kyk ons die neem van besluite en die spanning en stress wat besluitneming veroorsaak.

Besluite bepaal die koers van ons lewens. As jy dom besluite maak, misluk jy. As jy wyse besluite neem, dan behaal jy sukses. Ons maak besluite en dan maak besluite ons. Elke besluit wat ons neem het gevolge. Wanneer ons 'n besluit moet neem bring dit noodwendig spanning mee. Wat sal gebeur as ons verkeerd besluit? Hoe kan ons seker wees dat ons die regte besluit neem?

Die hele proses besluite neem is 'n spanningsvolle proses. Het die Here vir ons 'n oplossing? Die Here se oplossing is in Psalm 23.

Hy lei my op die regte paaie tot die eer van sy Naam.

Die Here is ons herder. Een van die dinge wat 'n herder doen, is om sy skape te lei na die plekke waar dit vir hulle die beste is. Die Here weet wat vir ons die beste is. En Hy wil ons daarheen lei. Hy hou ons op koers.

Die Here laat ons nie oor aan ons eie raad nie. Natuurlik is ons gesonde verstand deel van die proses van besluitneming. Maar die Here wil ons ook op ander manier duidelik lei. Ons hoef nie daaraan te twyfel nie – die Here wil ons nie in die duister laat nie.

Daar is net twee voorwaardes: Ons moet net gewillig wees om die leiding van die Here te volg; en ons moet net luister – ingestel wees op die stem van die Here.

Hoe praat nie die Here nie?

Mistieke wyse. 'n Gevoel van een of ander aard. 'n Diep opwelling van emosie.

Magiese wyse of een of ander toweragtige manier nie. Hy skryf nie boodskappe in die lug, bel ons op die foon of stuur vir ons SMS nie. Snaakse tekens.

Metodiese wyse. Daar is geen sisteem of resep nie. Daar is geen reeks stappe wat jy moet volg en outomaties hoor jy die stem van die Here nie.

Hoe praat die Here wel?

Deur sy Woord. – Studie. Konteks belangrik!

Deur ander gelowiges

Deur omstandighede – mense wat die Here oor ons pad stuur.

Hoe vra ek na die wil van die Here?

Rustig te word – en te *vra* vir leiding – met die intensie om die leiding te volg. Ons wil dikwels nie enige iemand anders se raad volg nie – ook nie die Here s'n nie. Ons is geneig om ons eie kop te volg. (As 'n man verdwaal is …) Ons dink ons weet wat die beste vir ons is. Daarom wil ons soms nie vra na die leiding van die Here nie.

> *5 As een van julle wysheid kortkom, moet hy dit van God bid, en Hy sal dit aan hom gee, want God gee aan almal sonder voorbehoud en sonder verwyt. 6 Maar ’n mens moet gelowig bid en nie twyfel nie, want iemand wat twyfel, is soos ’n brander in die see wat deur die wind aangejaag en heen en weer gedryf word. 7–8 So ’n mens wat altyd aan die twyfel is en onbestendig is in al sy doen en late, moet nie dink dat hy iets van die Here sal ontvang nie.*

Hoor – wees ingesteld op die stem van die Here. Soos skape ingesteld is op die stem van hulle Herder. Baie geraas: eksterne geraas

(advertensies, ander mense wat ons in hulle eie rigting wil trek, valse leiers); interne geraas (eie selfsug, gemaksug; eie mening, eie opinie).

Doen – besluit implementeer; hoe moeilik dit soms ook al is.

Wat as ons fout maak? Plaas ons onsself dan heeltemal buite die wil van die Here en loop ons dan noodwendig sekere verdoemenis tegemoet? Natuurlik nie. Die Here werk *ten spyte van* en selfs *deur middel van* mense se foute – soos Josef se broers.

God se genade is baie groter as ons foute!

Die Here wil die stress en die spanning rondom besluitneming kom wegneem. As herder wil Hy ons op die regte paaie lei. Ons moet net ingestel wees op sy stem en eerlik opreg na sy wil soek.